

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Ismael, Islam en IS. Waar kom ons inspirasie vandaan?

Skriflesing: Genesis 21:8-21

⁸ En die kind het opgegroeï en is gespeen. En Abraham het 'n groot maaltyd berei op die dag toe Isak gespeen is.

⁹ Toe sien Sara hoe die seun van Hagar, die Egiptiese slavin, wat sy vir Abraham gebaar het, spot;

¹⁰ en sy sê aan Abraham: Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erwe nie.

¹¹ En die woord was baie verkeerd in die oë van Abraham vanweë sy seun.

¹² Maar God het aan Abraham gesê: Laat dit nie verkeerd wees in jou oë ter wille van die seun en van jou slavin nie. Luister na Sara in alles wat sy van jou verlang, want deur Isak sal daar vir jou 'n nageslag genoem word.

¹³ Maar Ek sal ook die seun van die slavin tot 'n nasie maak, omdat hy jou kind is.

¹⁴ Toe is Abraham die môre vroeg op, en hy het brood en 'n sak met water geneem en dit aan Hagar gegee deur dit op haar skouer te sit, en ook die kind, en haar weggestuur. Sy het toe weggegaan en rondgedwaal in die woestyn van Berséba.

¹⁵ En toe die water in die sak op was, het sy die kind onder een van die bosse neergewerp

¹⁶ en geloop en op 'n afstand gaan sit so ver as 'n boog kan skiet; want sy het gesê: Ek wil die dood van die kind nie aansien nie. En sy het op 'n afstand gaan sit en haar stem verhef en geweën.

¹⁷ Toe hoor God die stem van die seun, en die Engel van God het na Hagar geroep uit die hemel en haar gevra: Wat is dit met jou, Hagar? Wees nie bevrees nie, want God het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is.

¹⁸ Staan op, tel die seun op en hou hom vas met jou hand, want Ek sal hom 'n groot nasie maak.

¹⁹ Daarop het God haar oë geopen, en sy sien 'n put! En sy het geloop en die sak vol water gemaak en die seun laat drink.

²⁰ En God was met die seun; en hy het opgegroeï en in die woestyn gewoon en 'n boogskutter geword:

²¹ hy het in die woestyn Paran gewoon; en sy moeder het vir hom 'n vrou uit Egipteland geneem.



“There are only two ways to live your life. One is as though nothing is a miracle. The other is as though everything is a miracle.”

– Albert Einstein

Broodjies vir die pad

“When we honestly ask ourselves which person in our lives mean the most to us, we often find that it is those who, instead of giving advice, solutions, or cures, have chosen rather to share our pain and touch our wounds with a warm and tender hand. The friend who can be silent with us in a moment of despair or confusion, who can stay with us in an hour of grief and bereavement, who can tolerate not knowing, not curing, not healing and face with us the reality of our powerlessness, that is a friend who cares.”

– Henri J.M. Nouwen, *Out of Solitude: Three Meditations on the Christian Life*



'Pa, verdien jy 'n geskenk vir Vadersdag?'

Rian Van Heerden

Dit is die 18de Junie Vadersdag. En ek herinner jou spesifiek vandag daaraan omdat ek wil hê dat veral ons in Suid-Afrika op 'n ander manier na hierdie dag moet begin kyk.

Op dié dag word vaders tradisioneel geëer deur kinders, maar die is die vraag wat my al lankal pla, is waar is hulle?

Moederdag in Suid-Afrika is maklik, dit gaan met meer respek gepaard, daar is eenvoudig meer ma's wat hul plig verstaan om seker te maak dat hul kinders suksesvolle volwassenes word. Vadersdag is egter met al die afwesige vaders ietwat van 'n dilemma . . .

En ja, afwesige vaders is nie 'n nuwe ding nie, dit is ook nie endemies tot Suid-Afrika nie. Maar ons moet eers fokus op wat in ons eie agterplaas aan die gebeur is of hoe?

Ek het eers gedink dat ek nie kinders het nie maar hoe meer ek daarvoor begin dink het, hoe meer het my rol vir my begin sin maak. Ek het kinders. Daar is dalk 'n baie goeie rede hoekom enkelopende (veral gay) mans nie hul eie kinders het nie. Jy sien, ons maak ander mense se kinders groot.

Ons moet pa staan vir mans wat hul plig versaak het en gebroke kinders op soek na vaderfigure agtergelaat het. Hierdie kinders/jong mense bly dalk by ons of ons sien hulle in ons sosiale of werksomgewing waar ons soms totaal onbewustelik vir hulle die ondersteuning gee waarna hulle so naartstigtelik soek.

Elkeen van die seuns wil mans word wat hul plek in die lewe kan vol staan, hulle wil leer hoe om doelwitte te identifiseer en hoe om dit te bereik. En as jy dink daar is eintlik net 'n behoefte om te leer visvang, baklei, jag of om gholf te speel, maak jy 'n enorme fout. Jy word nie 'n man deur een van

dié dinge nie. Jy word 'n man deur jou woord te hou, deur te besef dat jy verantwoordelikheid moet neem vir jou dade.

Hoe is dit dan dat 'n pa kan wegstap van sy kind. Dat jy lewe kan gee en dan jou rug draai op jou bloed? Ek sal dit nooit verstaan nie. Ek kom keer op keer agter dat kinders wat deur 'n pa versaa is vir die res van hul lewe net een ding werklik sal begeer: sy aanvaarding.

Hulle wil net een keer hoor dat jy trots is op hulle. Net een keer. En niks, geen bates of prestasies of lewensmaats kan hiervoor vergoed nie. Hulle sal gebroke bly totdat hulle dit van hom hoor.

'n Pa hoef nie ryk te wees of bekend of talentvol of alwetend nie. 'n Pa moet net daar wees. En ja, soms is dit moeilik om 'n broodwinner en 'n pa te wees, soms is die tyd eenvoudig uiters beperk. Maar laat dan die minute tel. Luister. Komplimenteer. Berispe indien nodig. Wys die pad. Wees die vertroueling. Wees die anker.

Hierdie Vadersdag is 'n goeie geleentheid om te besin oor jou rol in jou kind se lewe in plaas van om te wag op 'n geskenk of 'n ete by 'n buffet-restaurant.

Is jou rol in sy/haar lewe prominent genoeg? Doeltreffend genoeg? Genoeg? En verstaan asseblief dat jou pa nie noodwendig reg was nie. So verwag niemand dat jy perfek moet wees nie. Maar jy kan ten minste jou bes probeer. En as jy nie tans in jou kind se lewe is nie . . . Keer terug sodra jy hierdie klaar gelees het.

Hy of sy wag vir jou.

En ja, hulle het jou soveel liever as wat jy vermoed.

Mag jy hierdie Vadersdag die pa wees wat daardie geskenk verdien.

Al is dit sokkies.

* *Van Heerden is 'n TV-persoonlikheid en radio-omroeper.*

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/om-vadersnaam-waar-is-jy-20170608>



"I am enough of an artist to draw freely upon my imagination. Imagination is more important than knowledge. Knowledge is limited. Imagination encircles the world."

– Albert Einstein

"Life isn't about finding yourself. Life is about creating yourself."

– George Bernard Shaw

"And now here is my secret, a very simple secret: It is only with the heart that one can see rightly; what is essential is invisible to the eye."

– Antoine de Saint-Exupéry, *The Little Prince*

"Sometimes our light goes out, but is blown again into instant flame by an encounter with another human being."

– Albert Schweitzer

"It is good to love many things, for therein lies the true strength, and whosoever loves much performs much, and can accomplish much, and what is done in love is well done."

– Vincent van Gogh

"If you treat an individual as he is, he will remain how he is. But if you treat him as if he were what he ought to be and could be, he will become what he ought to be and could be."

– Johann Wolfgang von Goethe

Brood vir die pad

Ons wêreld loop nie juis oor van waardering nie

DJS

Dis weinig beskore om met die terugkyk te kan sê hulle het bereik wat hulle wou, al hulle afsloof was die moeite werd. Immers, ondank is wêreldslon, sê die spreuk mos.

En wie ken nie – byvoorbeeld – diep teleurgestelde ouers nie? Vriende wat oor jare veel sou belê in verhoudings, selfs huwelike, maar tevergeefs. Kollegas wat op 'n dag met skok moes ervaar hulle was veel meer lojaal aan hul werkgewers as dié aan hulle. Kennisse wat sou aftree met die gevoel dat hul drome van destyds toe nooit werklik vervul is nie. Politici wat smaak hoe jare se openbare diens nie onthou word, of dalk opweeg teen kollegas se ambisie en populistiese hoon nie. Sportlui wat met teleurstellings belewe hoe jare se opoffering en genot oornag vergeet en deur elke Jan Rap en dié se leunstoelmaters gesmaad word.

Nee, ons wêreld loop nie juis oor van waardering en erkentlikheid nie. Ook profete word immers nie in hul eie land geëer nie, nóg Bybelse profete nóg literêre profete soos Nietzsche se Zarathustra en Gibran se *Almustafa*.

As laasgenoemde op 'n dag sy skip sien nader, word hy bedroef en wonder in sy hart hoe hy kan vertrek sonder verdriet. Hy kan dié stad nie verlaat sonder 'n verwonde gees nie, besef hy, want sy dae van pyn en nagte van eensaamheid dáár was te veel en te lank. Niemand kan tog van hul pyn en eensaamheid afskeid neem sonder leed nie?

Te veel "brokkies van sy eie gees" lê hier oral rondgestrooi, soos "menigvuldige kinders van sy eie verlange", om hom sommer net te kan onttrek. Weggaan is nie 'n kledingstuk wat hy uittrek nie, maar 'n stuk vel wat hy met eie hande afskeur, dink hy. Wat hy agterlaat, is nie bloot sy gedagtes nie, maar 'n hart oor jare met honger en dors gevul, besef hy.

As hy stemme hoor roep en mense van oral sien nader, wonder hy stilweg of sy aand dalk nog sy oggendstond gaan word.

Of hulle nou dalk – skielik! – sy woorde sal waardeer. Of die dag van skeiding dalk – ironies! – die dag van samekoms sal word.

Want so is dit immers óók moontlik in ons wêreld, dat ons aand dalk nog ons oggendstond word, ons afskeid miskien ons samekoms. Ook óns erkentlikheid kom immers soms eers met die groet, straks selfs te laat? Dis daarom half jammer dat mense nie eintlik hul eie begrafnis kan bywoon nie, of hoe?

Dink net hoe bly – en verras! – vele mag wees oor al die erkentlikheid wat ons dáár betuig en al die dank en hulde wat ons – uiteindelik – bring.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Briewe/ons-wereld-loop-nie-juis-oor-van-waardering-nie-20170616>



"Without music, life would be a mistake."

– Friedrich Nietzsche, *Twilight of the Idols*

"Music . . . can name the unnameable and communicate the unknowable."

– Leonard Bernstein



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.